

Sing vooraf staande: Skrifberyming 5-2:4, 5 (7:4, 5)

- 4 Die misstap wat ons voet begaan, / die misdaad deur ons hand gedaan,
die straf uit swaarste regseding, / wat ons die volle vrede bring,
die wonde wat ons wonde heel – / dit alles was sy lydensdeel.
Ja, al die kwaad deur ons gedaan, / het God die HEER oor Hom laat gaan.
- 5 Terwyl ons op die dwaalweg gaan, / storm al ons sondes op Hom aan;
maar Hy 't mishandel, neergebuk, / sy mond nie oopgemaak in druk.
'n Lam, ter slagting heengelei, / so stil en stemmeloos was Hy,
en soos 'n skaap voor wie hom skeer, / so stil en sonder teëweer.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 18:1, 14 (p. 71)

- 1 Ek het U hartlik lief, o HEER! / U is my sterkte en teëweer.
Die HEER 's my rots, my vesting sterk, / my redder wat my heil bewerk,
my rots wanneer die stormwind huil, / my skild, die weerkrag van my heil,
my vesting op die bergkrans steil, / by wie ek vas en veilig skuil.
- 14 Gods weg is gans volmaak soos Hy, sy woord van al wat smet is, vry,
soos goud, gelouter sewe maal. / Hy is 'n skild van keurmetaal
vir almal wat op Hom vertrou. / Want wie's daar buiten U, o HEER!
U is die Rots, geen ander meer, / op wie ons altyd weer kan bou.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Wet

Psalm 19:6, 7 (p. 83)

- 6 Hoe word, deur U vermaan, / my weg 'n helder baan, / en my verwagting skoon!
Hy wat u wet bemin, / die vind, o HEER, daarin / 'n groot genadeloon.
Wie kan van voor af aan / sy dwalinge verstaan / en al wat hom ontbreek het?
HEER, reinig U my tog / van sondes wat daar nog / diep in my hart bly steek het.
- 7 Bewaar my vir die kwaad / dat ek met trotse daad / u heil'ge wil weerstreef;
laat nie die sonde my / oorheers, dan sal ek vry / van groot oortreding leef.
Laat tog my tong en mond, / my hart se diepste grond, / o HEER, op wie 'k vertrou het,
U welbehaaglik wees / wat in my hart kan lees – / my Rots, op wie 'k gebou het.

Gebed

Skrifberyming 5-3:1, 2 (8:1, 2)

- 1 Aan U, o Lam van God, 'n nuwe lofgesang! / Want U is waardig om die wonderboek te ontvang
en oop te breek – die boek van toekoms en verlede / en van wat word, geskryf van Gods verborgenhede.
U's waardig, U alleen, omdat die werk volbrag is, / toe U as offer vir ons sondeskuld geslag is.
- 2 U 't van die hemel hoog op aarde neer wou daal, / en ons vir God gekoop uit alle volk en taal.
Die losprys was u bloed, wat U vir ons gestort het, / waardeur ons, rein gewas, 'n priestervolk geword het
en konings in die ryk van onverstoorb're vrede, / om God te dien en eer in eindlose ewighede.

Skriflesing: Hebreërs 9:1-28; Romeine 12:1-2; Heidelbergse Kategismus, Sondag 12

Kernvers: Hebreërs 9:11-12

**Maar Christus het gekom as Hoëpriester van die weldade wat nou
verweselik is. Hy dien in die verbondstent wat groter en volmakter is
en nie deur mense gemaak is nie, dit wil sê wat nie tot hierdie wêreld**

behoort nie. Met sy eie bloed en nie met dié van bokke en kalwers nie, het Hy net een maal die heiligdom binnegegaan en 'n ewige verlossing tot stand gebring. (Hebreërs 9:11-12 AFR83)

Heidelbergse Kategismus

Vraag 31: Waarom word Hy Christus, wat Gesalfde beteken, genoem?

Antwoord: Omdat Hy deur God die Vader bestem en aangestel en met die Heilige Gees gesalf is (a) tot ons hoogste Profeet en Leraar (b), wat aan ons die verborge raad en wil van God aangaande ons verlossing ten volle bekend gemaak het (c); tot ons enigste Hoëpriester (d), wat ons met die enige offer van sy liggaam verlos het (e) en met sy voorbeding gedurigdeur by die Vader vir ons intree (f); tot ons ewige Koning, wat ons met sy Woord en Gees regeer en ons by die verlossing wat verwerf is, beskerm en bewaar (g).

(a) Ps 45:8; Heb 1:9; Jes 61:1; Luk 4:18. (b) Deut 18:15; Hand 3:22; 7:37; Jes 55:4. (c) Joh 1:18; 15:15.

(d) Ps 110:4. (e) Heb 10:12, 14; 9:12, 14, 28. (f) Rom 8:34; Heb 9:24; 1 Joh 2:1; Rom 5:9, 10.

(g) Ps 2:6; Sag 9:9; Matt 21:5; Luk 1:33; Matt 28:18; Joh 10:28; Open 12:10, 11.

Vraag 32: Waarom word jy 'n Christen genoem (a)?

Antwoord: Omdat ek deur die geloof 'n lid van Christus is (b) en daardeur deel aan sy salwing het (c) sodat ek sy Naam kan bely (d), myself as 'n lewende dankoffer aan Hom kan toewy (e) en in hierdie lewe met 'n vrye gewete teen die sonde en die duiwel kan stry (f) en hierna met Christus in ewigheid oor alle skepsels kan regeer (g).

(a) Hand 11:26. (b) 1 Kor 6:15. (c) 1 Joh 2:27; Hand 2:17. (d) Matt 10:32; Rom 10:10. (e) Rom 12:1;

1 Pet 2:5, 9; Open 1:6; 5:8, 10. (f) 1 Pet 2:11; Rom 6:12, 13; Gal 5:16, 17; Efes 6:11; 1 Tim 1:18, 19.

(g) 2 Tim 2:12; Matt 25:34.

Tema: Jesus is gesalf tot ons enigste Hoëpriester – deur die geloof
is ons priesters vir God

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, ons luister verder na die openbaring van die Heilige Gees aangaande die Naam *Christus*, die Naam wat vir ons soveel troos in hierdie lewe gee. Maar dit is ook dié Naam van die Seun van God wat ons by uitstek in die praktyk van Christen wees betrek. Ons bely mos in Sondag 12, aan die een kant, wat die Naam *Christus* beteken, en aan die ander kant, wys die Heilige Gees ons op die praktiese sy van ons daaglikse lewe, aangesien ons in Christus ingelyf is.

Vanoggend let ons op die tweede gedeelte van elkeen van die antwoorde van Sondag 12. Dit is die gedeeltes waarin ons Christus se hoëpriesterlike werk as ons Verlosser bely en ons priesterlike werk as mense in die amp van die gelowige. Ten eerste, die Seun van God word Christus genoem, **omdat Hy deur God die Vader met die Heilige Gees gesalf is tot ons enigste Hoëpriester wat ons met die enige offer van sy liggaam verlos het en met sy voorbeding gedurigdeur by die Vader vir ons intree.** Ten tweede, ons word Christene genoem **omdat** ons **deur die geloof** lede **van Christus is en daardeur deel aan sy salwing het sodat** ons onself **as lewende dankoffers aan Hom kan toewy.**

Maar alvorens die Heilige Gees ons gaan wys hoe Christus Jesus sy verlossings- en versoeningswerk op 'n hoëpriesterlike wyse verrig, moet Hy ons eers op die bepaalde take van 'n priester wys en in besonder op die werk van die hoëpriester. Die eerste persoon wat gesalf is om in diens van die Here priesterlike en hoëpriesterlike werk te doen was Aäron. Ons lees daarvan in Levitikus 8. En in Levitikus 16 en in Numeri 6 lees ons van die werk wat Aäron as priester en in besonder as hoëpriester in diens van die Here gehad het.

Uit Levitikus 16 en Numeri 6 kan ons drie take van die priesters aflei. Die priester moes vir die volk die diereoffers op die altaar voor die Here bring. As hoëpriester was dit ook Aäron en die ander hoëpriesters na hom se opdrag om een maal elke jaar op die groot versoendag met die bloed van die offerdier in die Allerheiligste deel van die tabernakel in te gaan. Deur die bloed op die deksel van die verbondsark en voor die ark te sprinkel is daar versoening gedoen vir die sonde van die volk. Die priester het ook die opdrag gehad om wierook op die wierookaltaar in die tabernakel te brand. Die rook van die wierook was teken van die volk se gebede terwyl die priester in die Heilige deel van die tabernakel voorbidding doen vir die volk. En die derde opdrag wat die priester gehad het, was om die volk te seën met die seën van die Here. Dus, die drie take van 'n priester het daaruit bestaan dat hy vir die volk moes offer, vir hulle bid en hulle seën.

Die onderskeid tussen die profetiese en hoëpriesterlike van Christus is die volgende. As Profeet het Christus God se Woord aan die mense gebring. As Hoëpriester bring Christus ons nood voor God. 'n Profeet tree dus vir God by die mense op, en die priester tree vir mense by God in. In die hoëpriesterlike werk van Christus leer ons die evangelie op die eenvoudigste manier ken. In sy werk as Hoëpriester kry ons die antwoord op ons vraag: Hoe kan ons weer in genade by God aangeneem word?

As ons enigste Hoëpriester het Christus Jesus reeds op aarde begin om hierdie drie take van 'n hoëpriester te verrig. In die preek aan die Hebreërs leer die Here ons hoe Christus sy offerwerk as ons enigste Hoëpriester vervul het. Dwarsdeur die boek Hebreërs stel die Heilige Gees die kontras tussen die ou en die nuwe verbond. Die Christene aan wie hierdie boek geskryf is, was Joodse Christene wat weens die verdrukking wat hulle beleef het omdat hulle in Jesus Christus glo, oorweeg het om hulle geloof in Christus vaarwel toe te roep en terug te keer na die Joodse geloof van hulle voorouers. Omdat hulle nie meer die druk wou verdra nie, wou hulle na die ou verbond terugkeer. Deur hierdie skrywer van Hebreërs wys die Here telkens hoeveel beter en groter Christus en sy werk is teenoor wat in die ou verbond was.

Al die hoëpriesters voor Christus kon net een maal per jaar in die Allerheiligste deel van die tabernakel of tempel ingaan om met die bloed van 'n bul en 'n bok versoening vir hul eie en vir die volk se sonde te doen. Met hierdie offers is daar dan ook net versoening gedoen vir die sondes wat onwetend gepleeg is. Trouens, alle sondeoffers wat gebring is, was slegs vir sondes wat in onkunde of onbedagsaamheid teen die Here gepleeg is. Die hoëpriester kon nie versoening doen vir sondes wat met bose opsetlikheid gepleeg is nie. Sulke sondes moes alleenlik met die dood gestraf word.

Geliefdes, ons sien dan dat die versoening wat die hoëpriesters voor Christus op die groot versoendag vir hulleself en vir die volk gedoen het, maar uiters beperk was. Net die sondes wat in onkunde gepleeg is, kon met hierdie offer versoen word. Omdat hierdie versoening beperk was tot sonde wat in onkunde gepleeg is, leer die Heilige Gees ons dat die pad na die Allerheiligste nog nie vir elke gelowige oop was nie. God moes vir die mensdom iemand beter bring as 'n hoëpriester wat self ook maar 'n sondaar is.

Ons God en Vader het iemand beter gebring. Hy het sy Seun as ons enigste Hoëpriester aangestel. En Christus het in sy hoëpriesterlike werk ook nie met bloed van diere in die Allerheiligste ingegaan nie. Nee, sy offer is die beste en die laaste offer vir al ons sondes. Hy het Homself aan die kruis op Golgota vir ons geoffer. Hy is die Hoëpriester van God op daardie Vrydag buite Jerusalem en terselfdertyd was Hy die Offerlam van God wat Homself geoffer het. Met sy eie kosbare bloed het Christus op 'n hoëpriesterlike wyse vir ons versoening gedoen. Daarom is Hy die beste offer wat gebring kon word en is Hy ook

die laaste offer vir ál ons sondes – die sondes wat ons in onkunde begaan het asook die sondes wat ons met bose opsetlikheid gepleeg het. Vir die kinders van God is die versoening wat Christus met sy offer gebring het, nie beperk tot sekere sondes soos in die ou bedeling nie. Met sy offer het Hy ook versoening gedoen vir die allerverskriklikste sondes wat ons uitgedink en gedoen het en waarvoor ons vergifnis kry as ons met ware berou daarom smEEK.

Broers, susters en kinders, omdat Christus ons enigste Hoëpriester is, bid Hy ook vir ons. Dit is wat die prediker van die Hebreërpreek vir ons sê:

Christus ... het in die hemel self ingegaan om nou ter wille van ons voor God te verskyn. (Hebreërs 9:24 AFR83)

Reeds as ons Middelaar op aarde het Christus vir ons gebid. In Johannes 17 lees ons die aangrypende gebed van ons Hoëpriester soos Johannes vir ons opgeteken het.

Dit was egter nie die laaste gebed wat Christus vir ons gebid het nie. Hy verskyn nou voor God ter wille van ons. Gedurigdeur tree Hy vir ons in met sy voorbidding, want Hy is steeds ons Hoëpriester en Voorspraak aan die regterhand van God. En as Christus bid, vra Hy nie iets uit genade soos ons nie, maar Hy vra dit op grond van sy versoeningswerk aan die kruis. Omdat Hy die volmaakte offer vir ons sondes voor God gebring het en dit vir die Vader aanneemlik was, eis Hy dat die Vader ons in genade sal aansien en ons nie volgens ons sondes sal behandel nie.

Geliefdes, dit is waardevol en troosryk om te weet jou medegelowiges bid vir jou wanneer jy in sonde geval het, afgedwaal het of selfs al opgehou het om self te bid. Maar dit is ons grootste troos om te weet dat die Seun van God, Christus Jesus, self vir ons bid as ons afgedwaal het, as ons gesondig het, as ons miskien self nie meer bid nie. Hy het die meeste invloed by die Vader, want Hy het vir ons sondeskuld klaar betaal. Hy het meegevoel met ons, want Hy was self aan allerhande versoekings onderwerp; Hy het medelye met ons swakhede. Selfs nie eers ons medegelowiges kan soveel medelye met ons hê as wat Christus, ons enigste Hoëpriester, met ons het nie.

Nou bly daar nog oor die seën wat Christus ons Hoëpriester skenk. Wanneer die Here sy volk seën, sê Hy sy guns en genade aan hulle toe. Hy beloof dit nie net maar nie, Hy lê sy seën op hulle. Met die seën wat die Here op sy volk lê, sê Hy dat Hy sy volk omring met sy genade en liefde, dat Hy ons beskerm en bewaar sodat ons nie verlore sal gaan nie, dat Hy ons altyd bystaan en help, dat Hy vir ons alles ten goede laat meewerk.

Toe Christus na die hemel opgevaar het, so berig Lukas in die laaste verse van die evangelie volgens hom aan ons, het Hy die apostels geseën terwyl Hy na die hemel opvaar. Die apostels was in daardie stadium die verteenwoordigers van die hele kerk van Christus Jesus deur al die eeue heen. Dit beteken dat Christus se seën wat Hy toe oor die apostels uitgespreek het tot vandag toe op die kerk en op elke gelowige rus.

Daarom, as die Here ons seën, is dit nie net 'n mooi gebaar waarmee Hy ons paai in hierdie lewe nie. As die Here ons seën, is dit 'n daad wat Hy verrig. Nadat die Here aan Aäron die seënformule in Numeri 6 gegee het, sê Hy:

So moet die priesters my Naam oor die Israeliete uitroep, en Ek sal hulle seën. (Numeri 6:27 AFR83)

En die Here Jesus Christus seën ons vandag nog net so. Aan die begin en aan die einde van elke erediens is dit Christus wat sy kerk deur die liggaam en mond van die predikant

seën. Dink dan elke keer wanneer die seën in die erediens oor ons uitgespreek word hieraan: Die Here ons God sê self dat Hy by ons sal wees en bly, dat Hy ons sal beskerm en bewaar en ons met sy genade en liefde sal omring. En wat die Here sê, doen Hy ook, want Hy bly volmaak getrou aan sy eie woorde.

Om dan tot hier saam te vat: Christus is tot ons enigste Hoëpriester gesalf met die Heilige Gees as Offeraar en Offerande om die verlossing by God te betaal. In die geloof omhels ons Hom en sy offer, want net Hy verlos ons. As Hoëpriester tree Hy gedurigdeur vir ons met voorbidding by die Vader in. Vir ons om aanhoudend deel te hê aan hierdie verlossing moet ons voortdurend glo dat Christus ons werklik verlos het, maar nog belangriker is die voorbidding van Christus by die Vader. En as Hoëpriester seën Christus ons met die Heilige Gees sodat die verlossing vir altyd vir ons 'n werklikheid sal bly.

Broers, susters en kinders, ons het vroeër gesê dat die Naam *Christus* ons ook by uitstek betrek by die praktiese dinge van Christen wees. Omdat ons deel aan die salwing van Christus het, lei die Heilige Gees ons om te kan sien hoe ons ons geloof in God kan uitleef. En vanoggend dan spesifiek hoe ons die amp van die gelowige op 'n priesterlike wyse kan uitvoer.

As priesters ontvang ons van die Here ook die opdrag om te offer, te bid en te seën. Omdat ons aan die salwing van Christus deel het, kan ons onself as lewende dankoffers aan Christus toewy. Wat ons hier bely, sluit aan by wat die Here in Romeine 12 aan ons openbaar. Christus het Homself aan die kruis vir ons geoffer. Dit is die groot ontferming van God waarvan Paulus praat. Ons God het ons met die bloed van sy eie geliefde Seun verlos, en deur die geloof wat ons ontvang spreek God ons vry. As ons nou werklik Christene is, sal hierdie opofferende liefde van God ook in ons lewens sigbaar word. En dit sal sigbaar word wanneer ons onself as lewende en heilige offers aan God gee.

Hier moet ons goed oplet. Ons moenie iets buite onself as offer aan die Here gee nie. Nee, ons moet onself, met alles wat ons is en het, as offer aan die Here toewy – ons talente, ons gawes, ons geld, ons vermoëns, ons tyd, alles wat vir ons kosbaar en dierbaar is, moet in diens van die Here gestel word. In die woorde van Paulus gesê: Omdat God soveel ontferming met ons het, is ons bereid dat ons self heeltemal in diens van God opgebruik word. Soos Paulus op 'n ander plek sê, om soos 'n drankoffer uitgegiet te word (2 Tim 4:6). Maar om jouself so totaal in diens van die Here op te offer, vra selfverloëning van ons. Ons moet ons eie ek en ons eie wil afsterf en net doen wat die Here van ons eis.

As priesters het ons ook die taak om te bid. Gebed is natuurlik die vernaamste deel van ons dankbaarheid, waarin ons die Here loof en prys, en Hom smeek vir alles wat ons na liggaam en siel nodig het. Maar as priesters moet ons gebede nie net God en onself as inhoud hê nie. Ons moet ook voorbidding doen vir ander mense, in besonder vir ons medegelowiges. Ons moet bid vir mense in beproewing wat onder allerhande swaarkry gebuk gaan. In ons gebede moet ons ook hulle wat van die waarheid afgedwaal het en koud en lou geword het in hulle diens aan die Here, opdra aan sy genade.

Die kerk word opgeroep om as priesters ook vir die ouderlinge en diakens en predikante te bid, want sonder die leiding van die Heilige Gees sal nie een van ons ons werk in en aan die kerk behoorlik kan doen nie. Dan moet ons ook nie die owerhede in ons gebede vergeet nie. God het hulle immers oor ons aangestel. Daarom moet ons tot God ook vir hulle bid sodat hulle orde in ons land sal handhaaf. Wanneer die owerheid hulle opdrag handhaaf, kan die kerk sonder kommer en hindernis rustig haar volkome daaraan toewy om die Woord van God aan almal te verkondig.

Broers, susters en kinders, die aangename van die gebed is dat God dit verhoor en deur sy Gees werk. As ons as priesters ook vir die mense bid met wie ons moeilik oor die weg kom, sal ons die heerlike ervaring beleef dat die Heilige Gees die skeidsmuur tussen ons en die ander mense afbreek. Ons sal in onself agterkom hoe die Heilige Gees ons gesindheid teenoor ander mense verander om ook te sien hoe die Here hulle in sy diens gebruik. Maar weereens, dit vra selfverloëning van ons om ons ampswerk so priesterlik te kan doen.

En nou ons derde taak as priesters: God het aan Abraham gesê dat hy tot 'n seën sal wees vir almal. Ons gelowiges wat die nageslag van Abraham is, moet ook tot 'n seën wees vir ons medemens, want met die Heilige Gees is ons gesalf tot priesters. Ons moet tot 'n seën wees vir almal en nie 'n vloek nie. Wanneer ons gehoorsaam aan die Here leef, sal ons vir ons naaste tot seën wees.

Om hierdie taak duideliker te maak, kan ons na twee gelowiges se lewens kyk, naamlik Jona en Paulus. Jona was aan God ongehoorsaam omdat hy nie na Ninevé wou gaan nie. As gevolg van hierdie ongehoorsaamheid was hy vir al die mense op die skip waarmee hy na Tarsis wou vlug 'n vloek. Met 'n storm op die see het die Here gedreig om almal op die skip om te bring as gevolg van Jona.

Paulus was gehoorsaam aan God en daardeur het hy 'n groot seën geword vir almal wat saam met hom op die skip was in die storm. Die skip waarmee Paulus na Rome gevange geneem is, het wel gestrand in die storm, maar ter wille van Paulus het God 275 ander mense se lewens gespaar. En die meeste van hierdie mense was nog ongelowige heidene. Dit is dan wat die Heilige Gees bedoel met ons seën vir ons medemens.

Broers, susters en kinders, dit is voorwaar vir ons in hierdie lewe 'n troos om te weet en te glo dat Christus ons enigste Hoëpriester is. Hy het Homself ter wille van ons geoffer, Hy bid nou nog vir ons en Hy gebied sy seën voortdurend oor elkeen van ons. Omdat ons hierdie troos mag beleef, gaan ons en wil ons onself as lewende dankoffers aan God toewy, bid ons vir alle mense en in gehoorsaamheid wil ons 'n seën wees vir ander. Dit gaan ons doen, want ons is met die Heilige Gees gesalf tot priesters van God die Vader en die Seun.

Amen!

Psalm 65:2, 3 (p. 314)

- 2 Dis waar, 'n donker skuldverlede / leef in ons heugenis;
maar al ons ongeregtighede / word deur U uitgewis.
Welsalig wie in skuld verlore, / versoeningswoord hoor ruis;
vir wie U uitkies, lank tevore, / 'n woonplek in u huis.
- 3 Ons al ons in u huis versadig / met hoogste gunsbewys:
met heil'ge goed wat U miiddadig / laat stroom uit u paleis.
U antwoord ons in reddingsdade: / gedug is U in mag
Ons prys die blyk van u genade; / die vyand toon ontsag.

Formulier vir die viering van die heilige nagmaal

Psalm 63:3, 4 (p. 308)

- 3 Ek wil U prys my lewe lank, / my hande ophef en U dank.
Want, soos met vettigheid, sal weer / my siel versadig word, o HEER!
My mond sal jubelend U noem, / my lippe hoog u weldaad roem
wanneer die aarde^{en} in nag versink – / dan sal ek peinsend aan U dink.

- 4 U was, o God, 'n hulp vir my. / U het u vleuels uitgesprei
om met beskerming my te dek / en jubels in my hart te wek.
O God, só met my lot begaan, / hoe kleef my siel U agteraan!
Vertrouensvol op U geleun, / voel 'k hoe u hand my ondersteun.

Aan tafel: Psalm 116 (p. 569)

Met die terugbeweeg: Psalm 118 (p. 575)

Slotgebed

Psalm 134:1, 2, 3 (p. 653)

- 1 O priesters, wat voor God bly staan, / wanneer die sonlig ondergaan,
wanneer die laaste straal verskiet – / o loof die HEER in sang en lied!
- 2 O hef vir ons 'n naglied aan, / wanneer ons weer van hier moet gaan;
hef priesterlike hande en pleit, / as alles rus in donkerheid.
- 3 Die HEER se seen sal met u gaan, / en ons sal biddend voor Hom staan.
Hy wat beveel en – dit geskied, / Hy sal sy seen oor u gebied.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap
van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
17 November 2013